

DIE KOMPLETE WERK VAN THOMAS BOWLER*

Die werke van party beeldende kunstenaars, veral van die skilders en tekenaars, kan dikwels as bron van kennis van ons geskiedenis nie onderskat word nie. Gewoonlik gee 'n skilder 'n besondere gebeurtenis wat hy as gevolg van 'n opdrag of uit persoonlike keuse uitbeeld, betreklik noukeurig weer. Sekere gesigspunte wat hom toevallig baie getref het, sal hy waarskynlik meer benadruk: die bonte kleuremengeling van 'n mensemassa of 'n militêre parade, die grootse van 'n gebou of 'n feestelikeid, ens. Meestal trek sulke werke algemeen die aandag van tydgenote en uit hul opmerkings kan ons dikwels aflei in hoever die skilder daarin geslaag het om 'n bepaalde voorval juis weer te gee.

In ons land word so 'n rol vervul deur die skilder Thomas Bowler. Hy gee ons 'n blik op die lewe en omstandighede in die Kaap gedurende die tweede en derde kwart van die negentiende eeu. In sy werk sien ons mense rondstap in dorpsstrate wat vandag onherkenbaar verander het. Geboue wat ons vandag anders net uit beskrywings sou ken, tref ons op werke van Bowler aan. As gevolg van 'n aantal reise wat hy na die Oostelike Provinsie onderneem het, beskik ons oor 'n baie suiwerder beeld van die omstandighede waaronder die Britse Setlaars hulle in daardie gebied gevestig het en van die voorkoms van die dorpe kort nadat hulle gestig is. Ons kan nou vir ons 'n duidelike voorstelling maak van hoe die landstreek waar die kafferoorloë gewoed het, in daardie tyd daar uitgesien het en hoe anders dit vandag daar uitsien. Die boom waaronder kolonel Fordyce van die 74ste Hooglanders in die 1851-oorlog gesterf het, die graf van Gaika, die Xosa-kaptein wat gesweer het dat geen blanke ooit die water van die Keiskamma sou drink nie, militêre geboue soos Fort Cox, Fort Armstrong, en baie ander, vind ons op Bowler se werke terug. Maar ook gebeurtenisse soos die besoek aan die Kaap in 1860 van prins Alfred, die tweede seun van koningin Victoria, die begin van Kaapstad se hawe-hoof, die opening van die spoorweg van Kaapstad na Wellington in 1863, die koms van skepe soos die *Bosphorus*, die eerste posboot tussen Engeland en Kaapstad in 1851, en die *Alabama* in 1863, die Anti-bandiete Agitasie in 1849, is alles getrou deur Bowler uitgebeeld.

Hy was besonder geskik vir sulke werk want hy het 'n voorliefde vir besonderhede gehad sonder dat dit die geheel-indruk van 'n skildery nadelig beïnvloed. Bowendien het hy intuïtief aangevoel wat die moete werd was en wat nie, maar bowe al was hy geboei deur die lewe om hom heen. Daar is min belangrike voorvalle wat in sy tyd aan die Kaap plaasgevind het waaraan hy geen aandag bestee het nie. Maar ook die toenmalige ekonomiese groei kan in sy werke gevind word as gevolg van 'n opdrag van firmas soos Barry en Mosenthal, om van hul geboue in die verskillende dorpe waar hulle tak-winkels gehad het, skilderye te maak.

Thomas William Bowler is gebore in 1812 in Tring (nie in Aylesbury soos eers gemeen is nie), 'n tipiese Jane Austin-streek ten noorde van Londen. Hy het onder baie beskeie omstandighede opgegroeï. As gevolg van die hulp van dr. John Lee, 'n vermoënde en vooraanstaande man in die omgewing, het Bowler in 1834 in diens van die astronoom T. Maclear, na Suid-Afrika gekom. Al spoedig het geblyk dat hy ten enemale ongeskik was vir die klerikale en meganiese werk wat van hom verwag is. Gevolglik word hy huisonderwyser op Robbeneiland.



*Toegang tot die Kasteel. 'n Litografie na 'n werk van Thomas Bowler.
(Foto: Departement van Inligting).*

Vanaf sy koms na die Kaap het hy geskets, maar na twee jaar het hy sy volle aandag aan skilder- en tekenkuns begin wy. Hoewel hy dus heeltemal 'n outodidak was, het hy na tien jaar harde werk as tekenonderwyser en kunstenaar reeds 'n redelike inkomste gehad. Tog het hy blykbaar 'n tekort aangevoel. Van 1854 tot 1855 is hy terug in Engeland waar hy deur die skilder J. D. Harding onderrig word. Hier leer hy dat dit beter is om na die natuur self te kyk en volgens die natuur te teken as om net voorwerpe te kopiëer. Dit is 'n nuwe en vooruitstrewende kunsopvatting wat Bowler op sy beurt in die Kaap invoer, waaraan hy met vasberadenheid vasklem en wat hy teen ander opvattinge met krag

verdedig. As sodanig het hy in die Kaap 'n eerste grondslag gelê wat naderhand die Suid-Afrikaanse kuns tot aan die moderne tyd toe geleentheid verskaf het om tot ontwikkeling te kom.

Bowler moes 'n groot gesin onderhou. Vanaf 1851 het hy jaarliks uitgestal en hy het baie leerlinge gehad, o.a. mevrou Koopmans de Wet. Party van sy werke vertoon egter alle eienskappe van haastigheid om gou te kan verkoop, maar die werk wat hy ingestuur het na uitstallings in Parys en Londen, en ook Kaapstad, is van baie hoë kwaliteit. Die meeste van sy skilderye is in waterverf uitgevoer.

Omstandighede was egter nie baie gunstig nie. Bowler was 'n volgeling van die Britse Skool van Waterverfskilders. Hierdie skool het sy hoogtepunt aan die einde van die agtiende en die begin van die negentiende eeu bereik, met kunstenaars soos o.a. Turner, vir wie Bowler 'n diep bewondering gekoester het. Teen die helfte van die negentiende eeu het die aanvanklike oorspronklikheid van die waterverfskool alweer roetine geword, vol handigheidjies. Dit kan ook nie ontken word nie dat Bowler baie gebruik gemaak het van soortgelyke tegniese maniertjies, wat dan ook telkens in sy werk aangetref word. Hy gee dikwels wat hyself en die Kaapse publiek graag wil sien en gevolglik is die werk soms 'n bietjie onoorspronklik. Die toenmalige publiek se kennis van kuns was gering en die mense was deurgaans tevrede met enigiets wat goed lyk en wat herkenbaar is. Vir die kunstenaars was dit geen hulp nie, maar in vergelyking met ander kunstenaars, het Bowler se werk tog ver bo alles wat aan die Kaap gemaak is, uitgereik. Vignon van Alphen, wat maar baie min werk nagelaat het, en Bowler is eintlik die enigste twee werklike kunstenaars van hul tyd in Suid-Afrika. Dit blyk veral uit die sketse wat Bowler vooraf vir party van sy skilderye gemaak het. Hierdie sketse is spontaan, fris en oorspronklik en laat die beste sien waartoe hy werklik in staat was. Tegnies het hy oor baie vaardigheid beskik en hy was eerlik in die benadering van sy onderwerp. Sy komposisie is deurgaans goed. Ook het hy baie van die natuur gehou: die pragtige Kaapse berglandskap het nooit opgehou om sy aandag te trek nie. Tafelberg het hy in alle seisoene en weersomstandighede uitgebeeld en dit is opmerklik hoeveel kennis hy van die see gehad het. Die see met sy massale voorkoms, gedurige beweging en kleurveranderinge, is 'n baie moeilike onderwerp en dit is opvallend watter uitstekende seeskilder Bowler eintlik was. Sy beter landskappe bewys dat hy sekerlik nie net 'n topograaf in plaas van 'n landskapskilder was nie. Hiervoor het Bowler té goeie smaak gehad. Hy het ook die kuns verstaan om die tipiese van 'n landskap raak te sien. Selfs wanneer 'n landskap heeltemal vreemd en nuut vir hom was, soos die eiland Mauritius wat hy in 1865 besoek het, het hy daarin geslaag om die mees in die ooglopende en herkenbare eienskappe daarvan te skilder. Ook Bowler was, soos so menige ander Suid-Afrikaanse kunstenaar, geboei deur die ossewa. Die *Boerewa*, nou in die Parlementêre Biblioteek in Kaapstad, is hiervan 'n tipiese voorbeeld.

Bowler, wat niks besit het toe hy vir die eerste keer in Kaapstad voet aan wal gesit het nie, het hom egter gaandeweg in die sosiale lewe opgewerk. Baie mense is vandag nog onder die indruk dat hy 'n knorrige en moeilike mens in die omgang was. Party mense sien hom as 'n parvenue. Dit blyk egter onjuis te wees. Hy was sekerlik opvlieënd van geaardheid en dikwels het hy uitvoerige argumente in die koerante gevoer, maar sy huis was 'n versamelplek vir Kaapse intellektueles en oorsese besoekers en hy was bekend vir die onderhoudende en boeiende gesprekke wat hy kon voer. Bowendien was hy besonder belese. Uit die ruim bydrae wat hy telkens vir 'n goeie doel geskenk het, blyk dat hy ook baie gulhartig was. Dit is amper vanselfsprekend dat so 'n man baie vyande gehad het, maar dit is met enige man met karakter die geval. Bowler was miskien trots en hy was bekend vir sy vlymskerp sarkasme, maar tog was daar niemand wat hom nie vir sy erns, die liefde vir sy werk en die vaste geloof wat hy in sy kuns gehad het, gerespekteer het nie.

Gedeeltelik vanweë geldelike oorwegings, het Bowler in 1868 weer na Europa vertrek. Hy het in Mauritius siek geword. Daarna het hy nog Egipte besoek, maar in Oktober 1869 is hy in Londen oorlede. Die vaste voorneme om so gou as moontlik na die Kaap terug te keer, is hierdeur verydel.

Bowler se litografieë is reeds eerder bespreek (*Historia*, 12de jrg., nr. 1, bl. 55-56) en hoe belangrik hulle ookal is, kan hulle uit die aard van die saak, nie as oorspronklike werk beskou word nie.

As resultaat van vyftien jaar se navorsing, beskik ons vandag oor 'n vrywel volledige oorsig van Bowler se lewe en werk. Wetenskaplik beskou, het ons een van die beste kunshistoriese studies en sekerlik die uitgebreidste wat nog in ons land van 'n afsonderlike kunstenaar gemaak is. Die geweldige hoeveelheid gegewens is geklassifiseer in twee katalogi: een van die skilderye en sketse en een van die litografieë, toegelig deur 'n algemene indeks en 'n afsonderlike een van die kunswerke. 'n Woord van lof aan die Permanente Bouvereniging, wat in die verlede reeds soveel bygedra het op die gebied van illustrasies van suksesvolle publikasies oor ons kuns en ook nou weer vir die gekleurde afbeeldings gesorg het. Hoewel Bowler vanselfsprekend met simpatie bejeën word, beskryf Bradlow tog vol humor die verskillende herries waaraan die kunstenaar soveel van sy energie bestee het en daar word nie altyd vir die skilder party getrek nie.

Die werke word uitvoerig, dikwels teen hulle historiese agtergrond, bespreek. Dit alles het gelei tot 'n grondige en besonder ewewigtige publikasie wat vir die studie van die Suid-Afrikaanse kunsgeskiedenis as 'n voorbeeld kan dien.

Prof. F. G. E. Nilant.